LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD
NET DIE BESTE

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"Family is the ultimate source of strength and resilience. Together you can overcome any obstacle and achieve greatness."

Gesonde gesinne en families skep gesonde en gebalanseerde kinders. Die gevoel van 'n groep mense wat aan jou kant is en jou ondersteun en vir jou lief is, is goed vir alle mense, maar nog meer so vir kinders.
Kinders wat uit 'n huis soos bogenoemde kom, se wegspringplek in die lewe met meer selfvertroue om als wat die lewe na hulle kant toe gooi, makliker aan te pak en teleurstellings makliker te hanteer. Kom ons werk hard om goed te wees vir mekaar en te sorg vir mekaar binne ons gesinne en families.
Dit was 'n baie goeie en bitter besige kwartaal vol avontuur, uitdagings en pragtige prestasies. Ons moes as 'n skoolfamilie saamtrek om als by die skool en rondom te laat glad loop. Ek kan nie dink aan nog 'n groep ouers en personeel met wie ek 'n kwartaal soos dié en die unieke omstandighede van die kwartaal sou wou aanpak nie.
Baie sterkte aan ons 0/13 rugby- en netbalgroepe wat die vakansie na die Karookop-sportoernooi by Augsburg Landbougimnasium in Clanwilliam gaan deelneem.
Ek gun elke gesin 'n bietjie rus en familietyd dié vakansie. 'n Geseënde paastyd vol liefde en saamwees vir elkeen.

My beste wense

*Pieter de Bruyn*



## KARAKTERBOU

Hierdie jaar fokus ons op VERANTWOORDELIKHEID. In kwartaal 1 is die fokus binne verantwoordelikheid om ons eie klasse skoon te hou. Bokkies sien kans vir die uitdaging. Die skoonste klasse hierdie maand was Graad 4 en Graad R.

## KARAKTERKAMPIOENE

Ons laaste karkaterkampioene vir kwartaal 1 is die volgende leerders:
Graad 1: Lukas van Schalkwyk: Hy is 'n voorbeeld vir ander.
Graad 2: Daniëlla Goosen: Sy is pligsgetrou.
Graad 3: Luka van Zyl: Hy is hardwerkend.
Graad 4: Aiden Hufke: Hy het baie goeie maniere.
Graad 5: Luah du Toit: Sy is pligsgetrou en vriendelik.
Graad 6: Frans le Roux: Hy het goeie maniere.
Graad 7: Simone George: Sy is pligsgetrou en vriendelik.

Elkeen van hierdie leerders leef ons waardes uit en maak ons baie trots!

# PREGRAAD R

ONS LEER KONKREET OP UITSTAPPIES.







# AKADEMIE

## GR.4

**TOP 3** Eerste Kwartaal **2026**



Zack le Roux
Graad 4
92.3%



Aiden Hufke
Graad 4
87.2%



Mieke Smit
Graad 4
78.7%

Baie geluk aan ons Graad 4-leerders met hul uitstekende begin in die Intersenfase. Julle harde werk en positiewe ingesteldheid word raakgesien en waardeer. Ons is trots op julle en sien uit na verdere sukses deur die jaar.

## GR.5

**TOP 3** Eerste Kwartaal **2026**



Gabriella du Toit
Graad 5
92%



MW Pretorius
Graad 5
88.3%



Luah du Toit
Graad 5
82.3%

Baie geluk aan ons Graad 5 Top 3-leerders met hul uitstekende prestasie hierdie kwartaal. Julle harde werk en deursettingsvermoë het beslis vrugte afgewerp. Ons is baie trots op julle – hou so aan!

## GR.6

**TOP 3** Eerste Kwartaal **2026**



Cassie du Toit
Graad 6
92.2%



Frans le Roux
Graad 6
89.8%



Helené du Toit
Graad 6
88.5%

Baie geluk aan ons Graad 6-leerders met hul goeie vordering hierdie kwartaal. Julle harde werk, groei en positiewe ingesteldheid is duidelik sigbaar. Ons is trots op julle en moedig julle aan om aan te hou streef na uitnemendheid.

## GR.7

**TOP 3** Eerste Kwartaal **2026**



Jean Dreyer
Graad 7
92.2%




Wikus Bothma
Graad 7
91.4%



Mia Gagiano
Graad 7
89.9%

Baie geluk aan ons Graad 7-leerders met hul sterk begin in die Seniorfase. Julle toewyding, harde werk en verantwoordelikheid word raakgesien en waardeer. Ons is trots op julle en vertrou dat julle hierdie belangrike jaar met selfvertroue en deursettingsvermoë sal aanpak.

# REDENAARS



Die volgende leerders neem in Mei aan Oppie Tong Af Redenaarskompetisie deel:

- CP du Toit - Graad 2
- Gian Gagiano - Graad 4
- Melia Burger - Graad 6
- Cassie du Toit - Graad 6
- Sebastian van Zyl - Graad 6
- Zoey Carolus - Graad 7
- Mia Gagiano - Graad 7

Baie sterkte met julle voorbereiding!

# EISTEDDFOD

Bokkies kan hierdie jaar weer aan die Paarl Vallei Virtuele Eisteddfod deelneem. Kaartjies vir deelname word hierdie jaar deur Quicket gekoop. Afdelings waarvoor daar ingeskryf kan word, is:

1. Afrikaans Voordrag
2. English Poem
3. Onvoorbereide Lees - Afr.
4. Unprepared Reading - Eng.
5. Fotografie
6. Teken
7. Verf
8. Gemengde Media

R50 per inskrywing! Besluit solank waarvoor jy graag wil inskryf.

Inskrywingsvir onvoorbereide lees, sluit die 3de April.

Inskrywings vir voordrag open die 4de Mei 2026

.

# Konsert 2026




Ons is baie opgewonde oor hierdie produksie. Oudisies vir die hoofrolle vind vroeg in kwartaal 2 plaas!

# ATLETIEK

Marlizèy van Zyl het as lid van die Bolandspan, op 7 Maart te Coetzenburg, gaan deelneem aan die Wes-Kaapse Primêre Skole Atletiek Byeenkoms. Daar het sy 'n vyfde plek in die gewigstoot behaal met 'n afstand van 09.37m. Dit is 'n pragtige prestasie. Baie geluk, Marlizèy, ons is trots op jou!

# o.11 en o.13 KBV SPORTDAG

Die o.11- en o.13-sportdag was weereens 'n groot sukses.

Ons wil graag daarna streef om hierdie sportdag nog groter te maak en meer skole te betrek.

Baie dankie aan al die ouers vir julle entoesiasme, samewerking en goedhartigheid.

Dankie ook aan al die personeel wat altyd bereid is om die ekstra myl met soveel liefde te stap.

Maak solank 13 Maart 2027 vas vir hierdie sportdag!

# TRANSKRIBEERDERS

Baie dankie aan almal wat gedurende die toetsreeks vir sommige leerders gelees en/of geskryf het.

Ons is dankbaar vir julle omgee en dat julle altyd bereid is om te help.

Barbara, Karen, Natalie, Ilanie, Cecile, Hanle, Frieda, Stacey, Riana

Ons benodig nog vrywilligers om gedurende eksamens te help. Kontak asseblief vir De Laura indien jy wil hulp aanbied.

# FONDSINSAMELING

Ons fondsinsameling vir 2026 het verlede week begin.

DANKIE vir die boekies wat reeds verkoop is!
Ons waardeer elke ouer se ondersteuning van ons projek.
Help asseblief jou kind om by die huis ook te gesels oor ons waarde van die jaar: VERANTWOORDELIKHEID

Die klas wat die meeste boekies verkoop kry weer 'n beloning!

Stuur boekies dadelik terug skool toe soos
dit verkoop word, voor 12 Junie

Gelukkige trekking: 17 Junie




# GRAAD R KONSTRUKSIEDAG





Die graad R maats wys dat konstruksie nie net vir grootmense is nie.
Met verbeelding bou hulle aan die toekoms, speel-speel, blokkie vir blokkie!



# KAROOKOP TOERNOOI

Hierdie jaar neem ons o.13 rugby-en netbalspan weer deel aan die Karookop o.13 Toernooi, te Clanwillam wat deur Augsburg aangebied word. Aan hierdie toernooi neem daar 18 seuns en 10 dogters deel. Ons sien uit na die opwindende wedstryde en ook die leer van nuwe vaardighede.
Meneer Pieter de Bruyn, juffrou Lize de Beer en oom Elton vergesel die spelers.
Ons is opreg dankbaar vir hul toewyding

# KAAPSE WYNLAND TENNISPROEWE UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders se pragtige prestasie by die eerste been van die Kaapse Wynland proewe.
Ons hoop om sommer nog meer spelers op die baan te sien op 15 Mei 2026, wanneer die volgende proewe plaasvind.



o. 13 seuns
4de - Ben van der Merwe
5de - Daniël du Toit
6de - Wikus Bothma

o. 13 dogters
2de - Zoey Carolus
6de - Mia Gagiano

o. 12 seuns
7de - Cassie du Toit

o. 12 dogters
2de - Cara van den Heever
4de - Helené du Toit
10de - Zané Bothma

o. 11 seuns
4de - Christopher du Toit

o. 11 dogters
7de - Luah du Toit
13de - Gabriella du Toit

o. 10 dogters
6de - Lindie van der Merwe



# EVENTS-KOMITEE

Hier is die program vir die res van die jaar! Dankie aan elke klasverteenwoordiger wat op die Events-komitee dien.



- 18 April

Rugby en Netbal - Olifantsvallei
Snoepie

- 15 September

Konsert (kleedrepsie oggend)
Snoepie



- 16 September

Konsert
Snoepie

- 17 September

Konsert
Snoepie



- 5 November

Big Brag Braai

- 6 November


Atletiek
Snoepie

- 7 November

Atletiek
Snoepie

- 11 November

Pretdag
Snoepie



- 20 November


BKB Veiling

- 20 November

Gholfdag

- 27 November

Pretdag
Snoepie



- 5 Desember

Kersfees
Roomys en Kersiesous

# Baie dankie vir ‘n suksesvolle Mini-Krieketdag!





















BAIE DANKIE AAN ELKE BORG, OUER, PERSONEELLID, LEERDER EN VRIEND VAN DIE SKOOL WAT HIERDIE DAG SPESIAAL GEMAAK HET!

# KWARTAAL 1 SE PRETDAG!

Van klein boompie tot groot drome, hier groei ons saam,
met kleur, karakter EN pret!







## BOOMPLANT:

Die dag het behoorlik afgeskop met baie inspirasie toe Niel Bruwer by ons kom kuier het en die bokkies gewys het hoe om 'n olyfboompie soos 'n ware plantfluisteraar te versorg. Ná die leerders aandagtig geluister het, het elke graad die kans gekry om hul eie boompie te plant. Nou dra elke graad die groot verantwoordelikheid om hul boompie deur die jaar te versorg—'n bietjie water, 'n bietjie liefde en dalk 'n paar motiverende toesprake hier en daar! Hierdie nege olyfboompies gaan beslis stories vertel lank nadat die bokkies die skoolgronde verlaat het. Net soos die boompies groei, glo ons elke bokkie gaan ook groei—met verantwoordelikheid wat so mooi blom soos olywe aan 'n tak.

## INKLEURKOMPETISIE:

Maar wag, daar was meer! Die dag het ook 'n inkleurkompetisie ingesluit waar ons bokkies hul kreatiewe vlerke kon sprei. Verantwoordelikheid is op allerhande kleurvolle maniere uitgebeeld. Ons wenners het trots langs hul kunswerke gestaan.

## COLOR RUN!

En toe... die groot finaal: die Color Run! En ja, dit was nét so wild soos dit klink—'n absolute kleurontploffing van pret! Die bokkies het gedraf, gespring en gelag terwyl onderwysers hulle langs die pad met verf gestrooi het. Met sakkies verf in die hand het leerders aan die einde self besluit wie 'n bietjie ekstra "versiering" nodig het—vriend of onderwyser, niemand was veilig nie! Hierdie was sonder twyfel 'n hoogtepunt en 'n welverdiende beloning ná 'n kwartaal se harde werk.

Kwartaal twee—ons bokkies is reg vir jou!

# EVENTS-KOMITEE

Die Events-Komitee is die naam vir die mammas en pappas wat die Neelsie se hart laat klop. Elke klasverteenwoordiger vorm deel van hierdie komitee. Jacqueline van der Merwe is ons minister van finansies en doen vir elke Event al die sommetjies. Sonder haar, sal ek nooit al die balle in die lug hou nie. Sy is my regter- en linkerhand.

Hierdie geleenthede gaan nie net oor fondsinsameling nie, maar oor samewerking, kameraadskap en betrokkenheid.

Dit is ook 'n manier waarop ons die hartlikheid van die Koue Bokkeveld wys aan skole en besoekers wat ons skool kom besoek. Dis ook 'n voorbeeld vir ons kinders van hoe 'n mens saamwerk en betrokke is in jou skool en gemeenskap. Dankie aan elkeen wat sy en haar deel doen – ons waardeer dit opreg.

Hierdie kwartaal het die Graad 7's 'n heerlike Ken-Mekaar-aand aangebied waar ouers en onderwysers saam kon kuier. Rozanne, dankie aan jou en jou span.

Die Graad 6'e het die snoepie tydens Sone-atletiek hanteer en 'n mooi wins gemaak – 'n waardevolle jaarlikse hupstoot vir die skool.

Die Grondslagfase se mini-krieketdag was 'n pragtige geleentheid. Baie dankie aan almal wat gehelp het, met spesiale dank aan Juffrou Suretha, Yvonne Bothma (kos), Lerine van der Merwe (dekor), Jan en Ilanie du Toit (vars vrugte en groente), Christine du Toit en haar span (slap chips), Cecile Lingenfelder vir die koffie en warm drinkgoed. Mariana Burger en Coriana van Zyl (snoepie op die veld), en natuurlik ons gewilde roosterkoek-tannies, tannie Nettie en tannie Rosie. Dankie aan almal wat gewerk het. Hierdie dag bly 'n spog geleentheid op ons kalender.

Onder leiding van Alisha Gelant, het die Graad 5's die o.11 en o.13 rugby- en netbaldag teen Ashton en Kromlin aangebied. Dankie aan al die ouers wat hand bygesit het. Dit was weereens 'n groot sukses.

Ons sien uit na die res van die jaar se Events en nooi almal uit om idees te deel oor hoe ons dit nóg beter kan maak. Voorstelle vir nuwe events is ook baie welkom.

Groete

Chrisna du Toit